

gy. Lees *bi* as *ic* en *bagunnan* as *a(n)gunnan*, dus: *aangaan* of *begin* (*aanvang*). *Hinase* vir *bit-na-se*, met *na* as verbale ontkenningsspartikel, is dieselfde woord as ons *tensy* (het-en-zij), *zij* as konjunktief.

So 'n enkele reëltjie leer ons natuurlik nie veel nie. Daarom moet ons ons van hulpmiddels bedien om tot kennis van die ou periode te geraak, b.v. deur afleidings te maak uit glosse in Latynse tekste of uit sinkroniese tekste in ander verwante dialekte, byvoorbeeld in Ou-Hoogduits, Ou-Nedersaksies (*Heliand*) en Ou-Engels. Prof. J. Mansion het 'n beeld probeer rekonstrueer van die Ou-Nederlandse taal deur 'n noukeurige studie van 'n paar honderd plek- en persoonsname te maak soos hy dit in Latynse oorkondes van voor die jaar 1000 gevind het (*Oud-Gentsche Naamkunde*, 1924).

§18.—Die Ou-Nederlandse Periode: Algemene Toestande

Ons weet ongeveer niks met sekerheid aangaande die vermoedelik Keltiese bewoners van die huidige Nederland en Vlaandere voor die koms van die Germane nie. Die Germane wat langs die Noordseekus gewoon het, is deur Tacitus aangedui as Ingwaeones. In die taalgeskiedenis word die dialekte van daardie stamme van toentertyd, d.i. die Friese, Saksers, Angele en ander, soms as Ingwaeoons saamgevat, in teenstelling met die dialekte van die Franke (*Istvaeones*).

In die huidige Nederlandse taalgebied tref ons (waarskynlik teen 'n Keltiese agtergrond) drie Germaanse stamme aan: die Friese (in die Noordweste), die Saksers (in die Noordooste) en die Franke.

Fries is al vanouds 'n kultuurtaal met 'n eie bloeiende letterkunde, dog is net tot sy eie landpale beperk. Fries

het vroeër egter 'n veel groter gebied beslaan as tans, en tydens die regëring van die Merowingers en Karolingers is die Friese aangetref al langs die see tot in Vlaandere en selfs dieper landwaarts in tot in Noordoos-Brabant, maar vandag is hulle teruggedring na die huidige kerngebied toe, waar Fries nog standhou as 'n aparte taal wat van Nederlands verskil. Om in die staatsdiens te tree, moet 'n Friessprekende dus ook minstens tweetalig wees!

Die Saksers het in die derde en vierde eeu vanuit die gebied tussen die Weser en Elbe op hulle vaartuigies en oor land weswaarts deurgedring en orals langs die Engelse, Franse en Nederlandse kuste aan die Kanaalkant nedersettings gestig en ook vir hulle in digter groepe in die Noord-Ooste van Nederland gevestig, waar hulle in aanraking met Friese gekom het. Die Saksers het die Friese teruggedrywe en in die distrik Groningen waar Fries waarskynlik geheers het, word vandag 'n Saksies-Friese dialek gehoor. Die Saksiese dialekte in Noord-Duitsland besit 'n ou en belangrike literatuur (*Heliand*).

Die derde en vernaamste stam is die Franke. Dit is eintlik 'n versamelnaam vir Germaanse volkstamme wat langs die Ryn opgetrek het en o.m. in die huidige Nederlandse en Belgiese gebied ingetrek het, naamlik gedurende die derde tot die vyfde eeu. (Die Romaanssprekende *Frank(e)ryk* het sy naam nog aan die besetting deur hierdie stam te danke).

Die toestand was baie vlottend. Die Franke het in twee groepe gesplits: in die Weste van die land was die Saliese Franke, en ten Ooste van hulle langs die Rynoewers in die omstreke van Keulen die Ripuariëse Franke. Die taal van hierdie Franke was Frankies, en omdat dit

later nie aan die Hoogduitse klankverskuiwing deel gehad het nie, dui ons dit ter nadere onderskeiding van die ander Frankiese dialekte in Duitsland aan as Nederfrankies (vergelyk: Nederduits). Die Ripuariëse Franke het Oos-Nederfrankies gepraat, die Saliese Franke Wes-Nederfrankies.

Toe die nedersetters vir hulle as gevolg van omstandighede meer begin vestig het, het die toestande in sommige opsigte vaster vorm aangeneem. Een daarvan is die taalgrens in die Suide. Die Franke aan die een kant en die Romeinse soldate en geromaniseerde Kelte van Noord-Frankryk aan die ander kant het teenoor mekaar te staan gekom langs 'n kontaklyn, en dit vorm van toe af tot vandag toe met betreklik weinig skommeling die skeidingslyn tussen die Germaanssprekende Franke en die Romaanssprekende Franse, d.w.s. tussen Vlaams, Brabants en Limburgs enersyds en Waals en Frans andersyds. Die lyn loop van Duinkerken oor Tongeren tot naby Eupen verby en is eintlik die enigste ware taalgrens, want ons kan moeilik van 'n Oosgrens praat wat Nederlands en Duits skei. Oos-Nederfrankies loop deur tot in Duitsland, net soos hoërop die Saksiese dialekte, sodat daar wel 'n politieke Oosgrens is, maar geen suiwer taalkundige Oosgrens nie. In die Noorde en die Weste word die Nederlandse taalgebied geografies begrens deur die see. Binne hierdie gebied word die bedoelde Saksiese, Friese en Frankiese dialekte vasgedruk sedert hulle oorplanting hierheen en dateer hulle onderlinge stryd van die vierde, vyfde eeu af. In dié sin kan ons die Ou-Nederlandse periode laat loop van ongeveer 400 af tot ongeveer 1100.

§19.—*Die Ou-Nederlandse Periode: Taalkundige Toestande*

Onder mekaar het die Franke sedert hulle vestiging in die lae lande natuurlik hulle eie dialek gebesig, so ook die Friese en Saksers onderskeidelik as hulle gesels. Maar daar is plekke waar die tale bots. Die taal wat (alle faktore in aanmerking geneem soos sy numerieke en/of politieke, kulturele en ekonomiese oorwig) die meeste ekspansiewe krag het, sal die ander taal aan hom onderwerp, d.w.s. hy sal sy gebied ten koste van die ander taal uitbrei.

Die seëvierende taal onder hierdie groep was Wes-Nederfrankies. Sy uitbreiding het egter nie gebeur sonder dat hy invloed van die oorwonne dialekte ondergaan het nie, by voorbeeld deur woorde daaruit op te neem. En so het Nederfrankies dan ook baie spore van Fries en Saksies te vertoon, waarvan hy heelwat tot vandag toe bewaar het.

Toe die Saliese Franke die huidige Noord-België van die Suide en Noorde uit binnegedring het, het hulle aan die Kanaalkus sterk groepe Saksers aangetref, sodat Wes-Vlaams gevolglik as 'n Frankies-Saksiese dialek ontwikkel het, met Friese inslag. In die provinsies Seeland, Suid-Holland en meer nog in Noord-Holland is die Frankies eerder Fries gekleur, terwyl dit in die menggebied met Saksies weer 'n beslister Saksiese koloriet het. As 'n heel algemene stelling kan dan gesê word dat slegs Oos-Vlaandere en Brabant die eintlikste Salies-Frankiese gebied is, d.w.s. Wes-Nederfrankies die suiwerste verteenwoordig in dié sin dat dit waarskynlik die minste spore van elders vertoon.

'n Eie letterkunde op die Nederlandse taalgebied kom

eers teen 1200 op en dan eers sal 'n skryftaal hom begin ontwikkel. In die Ou-Nederlandse periode moet derhalwe veral aan 'n spreektaal gedink word, maar dan nie aan 'n algemene spreektaal nie, net so min as aan 'n algemene skryftaal. Dit kom veel later.

Hoe die spreektaal (d.i. streektaalvorme) in hierdie periode daar uitgesien het, is moeilik te bepaal, maar van Wes-Nederfrankiese standpunt uit beskou, kan 'n paar aanduidinge gegee word. Die kerstening van die heidense voorouers sedert die derde eeu na Chr. het 'n diepgrypende uitwerking op hulle leefwyse en geloof gehad, ook in Nederland. Aanwysinge hiervan gee die woordeskat te sien. Ou (Germaanse) woorde neem nuwe betekenis en 'n ander gevoelswaarde aan, b.v. *bekering*, *boete*, *doop*, *gewete*, *opstanding*, en uit die Latynse kerktaal (hoofsaaklik via Noord-Frankryk) word Nederlands met nuwe woorde verryk, b.v. (in Afrikaanse vorm weergegee): *kerk*, *klooster*; *biskop*, *priester*, *diaken*, *koster*, *pelgrim*, *monnik*; *non*; *altaar*, *kansel*, *kruis*, *orrel*; *evangelie*, *preek*; *fees*, *vier*; *kasty*, *martel*; *duiwel*, *engel*. Die kloosters was die plek van geleerdheid, rus en bepeinsing, daar is ook meer aandag aan geriewe en tuinbou en beskawingsdinge bestee, en mede deur bemiddeling van die kloosters het woorde die taal binnegedring soos: *skool*, *klerk*, *pen*, *ink*, *skrywe*, *brief*, *vers*, *dig*, *noot* (*nota*), *punt*, *lyn*, *seël*, *perkament*; *spys*; *marmar*, *kristal*, *sy*; *kersies*, *lelie*, *neut*, *peer*, *perske*, *pietersilie*, *plant*, *pruim*, *roos*, *vrug*, *wyn*. Aan Latyn is, om alles te probeer saamvat, benaminge van plante, diere en gereedskappe ontleen asook woorde in verband met landbou, veeteelt, boukuns, die huishouding, kleding, handel e.d.m. Party hiervan het Latyn self vroeër uit Grieks oorgeneem.

Na die vorm is dit soms moontlik om die tydperk van oorname uit Latyn aan te gee. Ook uit Frans het Nederlands sy woordeskat begin aanvul, meer bepaald uit die sfeer van die ridderlewe en die mode.

Ten opsigte van inheemse woorde het daar soms 'n dubbelheid ontstaan. Stel die volgende Afrikaanse en Engelse woorde as pare teenoor mekaar: *mond*—*mouth*; *tand*—*tooth*; *gans*—*goose*, ens., dan merk ons dat daar in Engels voor *-th* en *-s* 'n *n* weggeval het met rekking van die voorafgaande klinker. Ons tref dit ook in Nederlandse plekname aan, maar dan as 'n Ingwaeonisme (afkomstig uit Fries en/of Saksies). Vergelyk *Y-muide* en *Diksmuide* (en Engels *Yarmouth*, *Plymouth*) met die Frankiese *Ysel-monde*, *Roermond*. Dink ook aan *Olden-zaal* of *Woldberg* waar (weer net soos in Engels) die Saksiese *ol+d(t)* verskyn langs die Frankiese *ou+d(t)* in by voorbeeld *Ouden-aarde* of *Woud-riebem*. Daar is nog verskeie ander (vermeende?) Ingwaeonismes, ook in die vormleer, soos die vermoede dat die vorming van sekere meervoude met die uitgang *-s* nagewerk het uit die taal van die Saksers en Friese.

Die klankstelsel vertoon ook 'n paar duidelike kenmerke, soos die umlaut, diftongering en monoftongering. Eersgenoemde verskynsel wat hom in die ander Germaanse tale eweneens vroeg ontplooi, is verantwoordelik vir die oorgang van *a* tot *e*, *o* tot *eu* en *oe* tot *uu* (waarskynlik onder inwerking van 'n *i* of *j* in 'n onmiddellik daaropvolgende onbeklemtoonde lettergreep), en so het ons in Nederlands reeds van voor die jaar 1,000 na Chr. (Mansion) b.v. by die *a* tot *e*: *Angele* | *Engelse*; *dak* | *dek*; *gesant* | *sending*; *half* | *belfte*; *band* | *bebendig*; *kwaal* | *kwel*;

krank / (*iemand*) *krenk*; *laag* / *leeg*; *lam* / *belemmer*; *lank* / *verleng*; *stram* / *strem*; *tam* / *tem*; *val* / ('*n boom*) *vel*. Die *i*-umlaut van die *a* het die aktiefste opgetree en verskyn tot in die fleksie (*stad* / *stede*), maar eers in Engels het hy hom gaan verlustig. Die huidige Nederlandse Algemeen-Beskaafd vertoon nie die oorgang van *o* tot *eu* as 'n *i*-umlaut so duidelik soos sy dialekte of selfs Afrikaans nie (*goot* / *geut*; *boning* / *beuning*; *molen* / *meul*; *noot* / *neut*; *zoon* / *seun*), maar dan het albei Algemeen-Beskaafde vorme enersyds *breuk* (langs *gebroke hart*), *deug*, *jeug*, *sleutel* (*geslote boek*), *verbeug* (*hoog*) e.a., en andersyds *koning*, *woning* e.d. waar die umlaut uitbly (of waar dit van die umlaut terugontwikkel het).

Oor die verskyning van die Germaanse *th* as *d* in hierdie tyd is reeds melding gemaak. Prof. Mansion wys nog daarop dat die Germaanse diftong *ai* in Ou-Nederlands as 'n monoftong verskyn (*bails* kom voor as *beel*, *stains* as *steen*), en andersom dat die ouer monoftonge *e* en *o* (albei *lank*) opduik as diftonge (*ië* en *uo* onderskeidelik). Ook blyk dit uit die name dat die Germaanse lang *oe* (geskryf *u*) in Ou-Nederfrankies na vorentoe verskuif het (gepalataliseer is) as *uu* (*boes*, geskryf as *bus*, verskyn dus as *buus*).

Soos uit die bewaarde gediggie afgelei kan word, het die vormleer in die elfde eeu nog oor volle fleksie-uitgange beskik (*olla*, *nestas*, *hebban*), het dit tussen kassusse onderskei (*vogala* en *nestas*) en was die klinker in die onbeklemtoonde lettergreep nog vol (*anda*, *bagunnan*).

As ons bedink dat Nederlands op Suid-Afrikaanse bodem 'n geskiedenis van slegs omtrent 300 jaar gehad het waarin dit reeds aan groot veranderinge onderhewig was, dan is dit duidelik dat die Ou-Nederlandse periode van

nagenoeg 700 jaar, dus van meer as dubbel die duur, nie as staties voorgestel mag word nie. Dit was 'n tyd van beweeglike volkstoestande en derhalwe ook van dinamiese taaltoestande, waarvan ons bedroewend weinig weet.

§20.—*Die Middelnederlandse Periode (1200—1550).*
Algemene Toestande

Die belangrikste gebeurtenis is die opkoms van 'n skryftaal. Met die spreektaal bereik jy net jou hoorders in jou onmiddellike omgewing, terwyl die skryftaal veel verder gaan. En omdat 'n mens skryf om verstaan te word, sal die al tē lokale in woord en wending geweer word. Wel is die verspreiding van die geskrewene in die Middeleeue nog beperk en die invloed daarom klein; nogtans kondig dit 'n nuwe era aan waarin die Nederlandse mens ook sy intellektuele horison moet verwyd. Die taal as 'n middel waarin die verhouding uitgedruk word, sal dus aan hoër eise moet voldoen, m.a.w. sal moet ontwikkel aan ekspressiewe vermoëns en aan algemeenheid van verstaanbaarheid, sal na binnetoe en na buitentoe moet groei.

Om maar een voorbeeld te noem: dié algemene skryftaal moet 'n spellingstelsel hê en tog 'n eie naam dra. Met verloop van tyd is meer as een naam gebruik. Die algemeenste in die Middeleeue was *diets*, 'n byvoeglike vorm van 'n verouderde woord *dat diet* wat *die volk* beteken het. Diets wil dus sê: die taal van die volk, miskien in teenstelling gesien met Latyn, die taal van die kerk en die geleerdheid. Naas die Vlaamse vorm *Diets* tree die Brabantse wisselvorm *Duits* op, van die 16de eeu af nader bepaal as *Nederduits* om dit te onderskei van die naburige Hoogduits. Dit is nog by ons bewaar in die benaming van die Afrikaanse kerk (*Nederduits-*

Gereformeerde Kerk) en dagteken uit die tyd toe die term algemeen was. Maar langamerhand is dit weer op sy beurt verdring deur *Nederlands*, die benaming wat nou langer as 'n eeu haas alleen heers. *Dutch* herinner aan die ou Middeleeuse benaming.

Vandag sê ons in plaas van die ou *Diets* (wat nou egter 'n gespesialiseerde betekenis aangeneem het), of *Duits* (wat ook 'n eie betekenis gekry het), *Middelnederlands*. Daaronder verstaan ons nie dieselfde as b.v. vandag onder 'n Afrikaanse of Engelse skryftaal nie, want 'n toestand van betreklike eenvormigheid en algemeenheid vir die hele gebied het nog nie bestaan nie. Die stukke, hetsy oorspronklik, hetsy, soos dit merendeels die geval was, vertalinge uit Frans, het nog die spore en trekke gedra van die streektaal van die skrywer of afskrywer (die druk-kuns kom later!) 'n Gemeenlandse skryftaal was nog in wording, net soos trouens die kulturele en staatkundige eenheid ook nog bewerkstellig moes word. Gevolglik het die brandpunt van tyd tot tyd na elders verskuif, maar gedurende die hele Middelnederlandse tydperk bly dit wesentlik in Suid-Nederland (die huidige Vlaamssprekende Noord-België), al het Noord-Nederland in die 14de en 15de eeu begin meetel. Die term Middelnederlands bly dus 'n soort van versamelnaam vir meer as een taalvorm van 'n bepaalde tydperk van ongeveer drie en 'n halwe eeu in die Nederlandse taalgebied (Friesland nie inbegrepe nie).

Volgens die distrikte wat as brandpunte van literêre en politieke lewe gedien het, deel ons die taalgebied in in Limburgs, Brabants, Vlaams (Oos- en Wes) en Hollands (Noord- en Suid- en Seeus), — dus almal Nederfrankiese dialekte. Teen die einde van die twaalfde

eeu is Limburg in die Ooste belangrik. Dit lê op die snypunt van die beskawing tussen die Ooste en die Weste deur sy nabyheid aan Keulen en Aken en ander Duitse Rynstede. Henric van Veldeke se vroegste digwerk weerspieël die Limburgse taalvorm. Daarna neem Vlaandere in die Weste die leiding oor en behou dit gedurende die 13de en 14de eeu. Deur sy nywerhede (soos die wol- en vlaswewerye) en sy florerende handel het dit ekonomies op die voorpunt gekom en sy kusstad Brugge en rivierstad Gent het die toon aangegee op die gebied van politiek, beskawing en letterkunde. Jacob van Maerlant, gebore naby Brugge, is nou die voor-
aanstaande letterkundige figuur en hy streef bewus na 'n algemene taal vir die „Dietse lande,” waarvoor hy die grondslag gelê het en waarop die Brabanders sal voortbou. Want van die 15de eeu af het Brabant op sy beurt die gesaghebbende provinsie geword, o.a. begunstig deur die nywerheidskrisis en die agteruitgang van Brugge met die versanding van die Swin wat hom vroeër sy toegang tot die see verleen het. Antwerpe word nou een van die vernaamste hawestede en die rykste handelstad. In Brabant lê nog Mechelen waar die Grote Raad sy sittings gehad het, en Brussel, die latere Belgiese hoofstad, waar die regeerders (sedert 1430) gewoon het. Brabant self was 'n hertogdom met 'n uitgestrekte gebied en onder die Franssprekende Huis van Boergondië het dit op politieke en ekonomiese terrein 'n eerste plek verower en dit behou tot aan die val van Antwerpe in 1585. Soos Hertog Jan I van Brabant met die oorwinning te Woeringen (1288) die „Dietse lande” miskien gered het van verduitsing en die Vlaminge met hulle oorwinning van die Guldensporenslag (1302) die lae lande

gevywaar het van verfransing, so het die val van Antwerpe wel nie 'n verspaansing beteken nie, maar dit was 'n nekslag waarmee die Suide die voorrang aan Holland moes afstaan.

In Brabant was ook 'n bloeiende letterkunde. Terwyl die letterkundige lewe in Graafskap Vlaandere gedurende die 14de eeu omtrent tot stilstand gekom het, was daar in die Hertogdom Brabant manne soos L. van Velthem, J. Boendale, J. van Ruusbroec, J. van Leeuw e.a. en het in hierdie provinsie die meeste abele en klugspele verskyn. Ook in die 15de eeu bly dit letterkundig toonaangewend (*De Bliscappen, Mariken van Nieuweghen, Elckerlyc*). Die burgery neem in stygende mate deel aan die letterkundige en kulturele bedrywighede (eerste rederykerskamer in 1432) en die taal word geknee, verryk en verfyn.

§21.—*Die Middelnederlandse Periode: Taalkundig*

Die Limburgse (eerste) skryftaal het hoofsaaklik plaaslik in geldigheid gebly. Toe die swaartepunt daarop (in die tweede „periode”) oorgeplaas is na Vlaandere, is 'n vaster grondslag gelê. Gedurende die 13de eeu is heelwat in Vlaandere geskryf (*Roelantslied, Reinaert I, Walewein, Floris ende Blancefloer, Beatrijs, Maerlant se werk* (verskeie) ens.). 'n Eie spellingstelsel is ook langsamerhand gevolg en sekere gebruike het ingang gevind, m.a.w. 'n tradisie is geskep. Op hierdie sterk fondament het die Brabanders in die 14de eeu voortgebou, maar al meer en meer Brabantse kenmerke ingevoer. In Vlaams bly die ou lang *i* en *û* bewaar (*miin buus*), maar in Brabants kom dit voor as *ij* (ons *y*) en *ui* (*mijn buis*), d.w.s. die monoftonge word as diftonge

uitgespreek (sedert die 14de eeu) en sal hiervandaan uit ekspanstief werk. Hierdie verskynsel is verantwoordelik vir doeblette soos: (iemand iets) *Diets* (maak), of die term *Diets* naas *Duits*; *welriekend* naas *ruik*; *kies* en *kuis*; *stiebeuel* naas *styg*; *jongeliede* en *seelui*; *wierook* en *gewyde*, ens. Voor die -r het die diftongering meestal agterweë gebly (*wierook*, *dierbaar*). Dit word voorgestel dat hierdie tweeklank van Brabant uit na Suid- en Noord-Holland oorgebring is (na die val van Antwerpe) en daar deur die toonaangewende kringe nagevolg is. Eers in die tyd van Vondel (17de eeu) rym *zijn* in Noord-Holland b.v. op *klein* en *rein* — aan eersgenoemde lê 'n Germaanse *ai* ten grondslag.

Om nader op streektalige kenmerke te let, sal ons te ver voer, en daarom kan volstaan word met 'n paar algemene aanduidinge. Die Ou-Nederlandse diftonge *ië* en *uo* word eenklanke *ie* en *oe* (*vier*, *broeder*), en so groot is die skryftradisie dat ons dié spellingwyse wat andersins moeilik verdedigbaar is, tot in Afrikaans gaan bestendig het om nie te ver van die huidige (in hierdie geval erg konserwatiewe) Nederlandse spelling af te wyk nie. In die Middelnederlandse periode val op die gebied van die klankleer nog op die rekking van alle kort vokale van 'n beklemtoonde lettergreep wanneer dit oop word, d.w.s. die kort vokaal word lank as die lettergreep op die vokaal uitgaan, waarby onthou moet word dat die *ī* oorgaan tot *ē*, en *ū* tot *ō*: Goties *fādar*, mnl. *vā-der*; *dāg* | *dā-ge*; *scīp* | *scē-pen*; (*būtter*) | *bō-ter*. Ook voor 'n *r* plus dentaal vind rekking by die *e* en *a* plaas (vgl. *weerd* naas Duits *wert*) en die *a* voor *r* gevolg deur 'n (dentale of velare) konsonant verskyn as *e*: *swert* (*swart*), *sterk*.

Vergelyk ons enige Middelnederlandse stuk met die genoemde Ou-Nederlandse liedjie, dan is die vernaamste vasstelling van ontwikkeling op die gebied van die klankleer seker die verdoffing van klinkers in die fleksievorme en onbeklemtoonde lettergrepe waar dit nie reeds verdwyn het nie, b.v. *bebben* naas *bebban*; *en(de)* naas *anda*, *neste(n)* naas *nestas*.

Die verdeling tussen die ou- en middel-periode by al die Germaanse tale berus juis op hierdie taalkundige feit van verdoffing van die vol klinkers in swakbeklemtoonde lettergrepe. Dit beteken dat die ekspiratoriese aksent dié tale (behalwe die Skandinawiese, waar dit eers in die 16de eeu kom) teen ongeveer die twaalfde eeu 'n nuwe voorkoms gegee het, wat ook in die buiging te voorskyn tree. In Middelnederlands word nog net vier naamvalle taamlik goed uiteengehou, is die persoonsverskille by die werkwoord redelik aktief (ic *bebbe*, du *beves*, hi *bevet* (*beeft*), wi en si *bebben*, ghi *bebbet* (*bebt*)), verskyn die ablautsreeks by die sterk werkwoorde nog duidelik, maar orals tree vereenvoudiging merkbaar in.

Die woordeskat vertoon enersyds veel wat vandag verlore gegaan het (*brot-ate* vir loseerder, *keitijf* vir skurk, 'n leenwoord uit Frans (Pikardies-) *kétif*, van Latyn *captivus*) òf in 'n gewysigde betekenis voortlewe (*wijf*: vrou; *onnosel*: onskuldig), en andersyds is daar naas die moeilik aanwysbare nuutskeppinge die ontleninge uit Latyn (*sekretaris*, *notaris*, *artikel*, *uur*, *minuut*, *sekonde*), Frans (*justisie*, *ordonnansie*, ens. en ontleninge of hibridiese skeppinge op *-eer*, *-ier*, *-teit*, *-iek*, *-uur*, *-ment*, *-y*, *-sie*, en meer) en in geringer mate uit ander tale, waaronder Duits.

Deur ons studie van Middelnederlands gedurende die

graadkursus is ons met hierdie tydperk goed bekend en is nadere aanwysinge oorbodig. Dit het seker opgeval hoe na aan Afrikaans Middelnederlands meer as eens staan, soms inderdaad nader as aan Nederlands, m.a.w. Afrikaans het party keer nog fris bewaar wat uit daardie tyd stam en in Nederlands minder gewoon geword het. Vir ons oor klink *hi lach ende sliep* (*by bet gelé en slaap*) vertrouder as vir die Nederlander van vandag, en die refleksief met die pers. vnw. ook in die derde persoon (*hi beklaegt hem, si wondert baer*), waar Nederlands in die Algemeen-Beskaafd *zich* besig, leef nog voort in Afrikaans. Die Middelnederlandse dubbele ontkenning is egter andersoortig.

§22.—*Die Nieu-Nederlandse Periode*

Hier betree ons bekender terrein en 'n uitstippeling is slegs nog nodig vir die historiese lyn. Die skeiding tussen die Mittel- en Nieu-Nederlandse periodes berus nie op duidelike taalkundige oorweginge nie en kom eerder voort uit historiese oorweginge. Die Nieu-Nederlandse tydperk loop deur van ongeveer 1550 af, toe uit die Middel-eeue die moderne mens te voorskyn tree. Die toenemende verstedeliking van die bevolking in hierdie tydvak, die industrialisasie en meganisering van die bedrywe, die bevaring van die wêreldseë en die kolonisasie van oorsese gebiede, die verhoging van die kennispeil en die verskerping van die denkgewoontes deur die toename aan leergeriewe in skool en universiteit, die ontvoogding en aanwending van die moedertaal vir die geestesdissiplines, die uitvinding van die drukpers en verspreiding van lektuur deur boek, koerant en tydskrif, die geleidelike verowering van die natuur deur die wetenskap en later van die see, ondersee en lug, dit en veel, veel meer stel aan die

taal as instrument in hierdie bewoë tydvak geweldige eise. Die woordeskat moet uitbrei en plooibaarder word, die seggenskrag vermeerder en die algemeenwording is nodig om 'n hele volk te dien, soms in stamland sowel as in verwyderde nedersettingsgebiede.

Die diensbaarwording van 'n taal hiertoe is 'n lang proses. In die Nederlande val die begin van hierdie tydvak (1550) saam met groot onrus en die daaropvolgende kragsontplooiing in die Noorde. In Suid-Nederland was daar, soos opgemerk is, bloei en welvaart onder die Boergondiese vorstehuis. Die skilderkuns beleef 'n tydperk van grootsheid onder die Van Eycks, R. van der Weyden, Memlinc; die beeldhoukuns onder Claus Sluter; die musiekkuns behaal beroemdheid en die boukuns lewer werke soos die stadhuise van Brussel en Leuven; alleen die letterkunde reik nie tot daardie hoogtes nie. Dit kan wees omdat die hofkringe, waarvan die taal Frans was, nie aanmoediging aan die letterkunde geskenk het nie en die burgerkringe hulle met rederykery en kunsmatige taalbeoefening onledig gehou het. Toe breek die aanslae op hierdie gelukkige land los. Twee jaar na die Beeldenstorm begin die Tagtigjarige Oorlog (1568). Terwyl Erasmus nog na Suid-Nederland gekom het, stroom Vlaminge en Brabanders nou na die Noorde, b.v. R. Dodoens, Marnix van St. Aldegonde, Carel van Mander, S. Stevin e.a. Na die val van Antwerpen (1585) groei die stroom aan, en ongeveer twaalf jaar na hierdie gebeurtenis kom Vondel via Keulen in Amsterdam aan. Hierdie geleerdes en kunstenaars was in aansien en het in Noord-Nederland 'n nie onbeduidende rol gespeel, veral in die letterkundige lewe en in die vertaling van die Statebybel, wat in 1635 verskyn het.

Vir die graad van beïnvloeding moet na die betrokke handboeke verwys word, b.v. na C. G. N. de Vooys: *Geschiedenis der Nederlandse Taal, in hoofdtrekken geschetst*. Om een aanduiding te gee, kan gemeld word dat o.a. die volgende woorde van Simon Stevin nog by ons in gebruik is: *af trek, deel, drieboek, 'n gegewe, middellyn, noemer, raaklyn, wortel*.

Die brandpunt het dus in die 17de eeu verskuif na Noord-Nederland, d.w.s. die gebied wat ons vandag aandui as Nederland. Maar hierin was veral van belang die provinsies Noord-Holland (Amsterdam), Suid-Holland (Leiden, Den Haag, Rotterdam), Seeland en Utrecht. Op politieke gebied het die militante jong staat byna opeens 'n groot mag geword, en deur sy welvarende handel met die Ooste en ander oorsese gebiede en eie kolonies in vele wêreldseë het dit ekonomies die voortou kon neem. Gedurende die twaalfjarige Bestand (1609—1621) en daarna het dit sy mag en invloed kon vestig en die Spanjaard kon met welslae en profyt beveg word. Dit alles het by die Hollanders (mense uit die provinsies Holland) 'n gevoel van eiewaarde gewek, sodat die skrywers hulle na die burgertaal van hierdie streke se stede gerig het. Vondel, in Keulen gebore uit Antwerpse ouers en iemand wat later bewus die Brabantse kenmerke in sy taal geweer het, sê by voorbeeld o.m. dat die beskaafde omgangstaal „allervolmaakst gesproken wordt bij lieden van goeden opvoedinge” in Den Haag en Amsterdam.

Naas die beskaafde spreektaal kom 'n beskaafde skryftaal te staan met 'n poging tot gemeenlandse geldigheid, en ook dit berus op dieselfde grondslag van Hollandse dialekte, sodat dit dikwels 'n verskil vertoon met die

Vlaams-Brabantse (skryftaal)vorme. 'n Afwyking van laasgenoemde was party keer die aanleiding dat Hollanders daarmee die spot gedryf het, soos Bredero gedoen het in *De Spaensche Brabander*. In plaas van die Suidelike *gbi* (*gij*) sê (en skryf) die Hollander *jij* of *je*; in plaas van verkleinwoorde op *-ke(n)* te vorm, doen hy dit op *-je* (b.v. *kindeken* teenoor sy *kindje*), en die Hollander sê liefs nie *zeer gaarne* of *werpen* of *schoon* of *zenden* of *kussen* nie, maar wel *beel graag*, of *gooi* of *mooi* of *stuuren* of *zoenen*, ens. Nogtans het daar geen eenvormigheid in die skryftaal bestaan nie. Dit was nog in die proses van wording en die Statevertaling het 'n groot stoot in die goeie rigting gegee, maar in die skryftaal was nog veel vryheid en losheid. Cats se taal was Seeus gekleurd, die van Huyghens Brabants, Bredero volg die Amsterdamse volkstaal na en ook Hooft, wat dit egter verfyn. Vondel verraai in sy vroeë werk nog sy Suidelike afstamming, hoewel hy dit later opsetlik probeer vermy as ongewens en hom beslis ten gunste van verfyning en veredeling van die taal uitspreek (1651). Hierdie soeke na 'n algemene standaard van skrywe was nog aan die gang toe Jan van Riebeeck, vier jaar na die be-eindiging van die Tagtigjarige Oorlog, na die Kaap met sy honderd pioniers gekom het.

Daar was dus, samevattend, die onderskeie streektale wat die gewone mense onder mekaar gepraat het, tweedens, die beskaafde spreektaal soos gehoor is „bij lieden van goeden opvoedinge,” vernaamlik in Den Haag (wat Vondel eerste stel!) en Amsterdam, en in die derde plaas was daar die beskaafde skryftaal wat nog duidelike spore van die Vlaams-Brabantse tradisie vertoon het. Spanning tussen die drie vorme het noodwendig bestaan

en prof. Kloeke kon bewys hoe die ekspansie van die Hollandse manier van uitspraak en praat te denke is. Afrikaans berus op die 17de eeuse dialekte wat die nedersetters uit die volksklasse van verskeie streke na die Kaap gebring het, maar dit sal verkeerd wees om op hierdie dialekte die regulerende invloed van die skryftaal heeltewel buite rekening te laat. Die Nederlandse skryftaal kon wel van uit Holland reik tot by die Kaap (en Batavië).

Die Nederlandse taal is dan aan die Kaap oorgeplant. Daar sal wel die verwagting bestaan het (soos agteraf geblyk het) dat dit nie te ver van die stamvorm moet afwyk nie, soos dit trouens die geval was met Kanadees-Frans, Amerikaans-Spaans of Dominiale Engels. Tog is dit 'n feit dat die twee Dietse vorms aanmerklik van mekaar af weggebuig het. Albei gaan terug op dieselfde 17de eeuse grondslag, sodat die twee selfstandige tale wat daaruit te voorskyn getree het, waarskynlik liewers nie gesien moet word as „moeder” en „dogter” nie, maar as ouer en jonger „susters,” met die 17de eeuse vorms as die „moeder.”

Die ontwikkeling van Nederlands was onderhewig aan bepaalde faktore, waaronder gewilde reglementering van die skryftaal (en dus van die beskaafde spreektaal) op skoolmeesteragtige wyse nie vergeet mag word nie, by voorbeeld die invoering van *zich* as refleksief, die onderskeiding tussen *bun* as datief en *bem* as akkusatief, of die poging om die in onbruik geraakte naamvalle te herstel. In Kaapland was die ontwikkeling van die spreektaal bepaald vryer. Om na te gaan hoever die twee vorms vandag afwyk van mekaar en dan na die redes daarvoor ten opsigte van Afrikaans te vra — is 'n probleem wat hom aan die aandag opdring.